

April 2007

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Ek is tans besig om 'n lys te maak van al die erfnummers in ou Pretoria. Dit is nou die deel wat vandag die middestad is. Wat 'n deurmekaarspul. Sommige van die erwe is later in tot 16 dele verdeel.

Daar bestaan geen rekord van die erfnummers wat deur William Skinner en die Devereux-broers aan die eerste erwe toegeken is nie. Die oudste erfnummers kom voor op die kaart van Du Toit wat hy in 1858 geteken het. Die middelste deel van die kaart se nummers is heel logies maar in die buitewyke [wes van Prinsloostraat en suid van Visagiestraat] het hy dit in blokke met nummers van A tot T opgedeel en elke blok in 12 erwe. So kry ons dan Erf A-5 erf R-12. Aan die ander kant van die stad [wes van Potgieterstraat] word dit genommer as blok AA, BB, ens. En om een of ander rede het 'n ry erwe aan die oostekant van Potgieterstraat en die westekant van Prinsloostraat geen nummers nie.

Ongeveer 1874 is daar nuwe nummers aan die erwe toegeken. Ek kon dit opspoor op die kaart van Van Vooren en Oerder van 1898. Nog steeds word net die hele erf genommer en nie die onderverdelings nie. In van die ou advertensies word daar bv. gepraat van die oostelike helfte van 'n sekere erf. Op die kaart kan mens sien dat die erf wel in twee verdeel is maar albei dele het nog steeds dieselfde nommer.

Wat navorsing baie moeilik maak is dat mens nie altyd weet of dit 'n ou of 'n nuwe nommer is nie. So bv. is Du Toit se erf nommer 12 in Boomstraat en die nuwe nommer 12 is in Bloedstraat. Nou het ek 'n lys gemaak van elke erf met sy ou en nuwe nommer.

Met die koms van posaflewering het elke deel van 'n erf sy eie nommer gekry. Dit is hier waar dinge nou regtig deurmekaar raak. So is die erf op die hoek van Vermeulen- en Schubartstrate [Erf 243 of 216] nou in 7 dele verdeel met elkeen sy eie erfnummer, nl. Schubartstraat 127; 133; 137; 143; 145 en Vermeulenstraat 94; 94; 96; 100. Ook hierdie nummers is ek besig om op Excel te sit. As basis gebruik ek die Valuation Roll van 1947/1950.

### **Vandag iets oor die geskiedenis van Erf 351 [nuwe nommer 365]**

[Vandag Café Riche]

Erf nommer 351 op die suidwestelike hoek van Kerkstraat en Kerkplein het vir 'n geruime tyd in die besit van President M.W. Pretorius gebly. In 1865 het hy die suidelike helfte van die erf laat transporteer op die name van I.M. en M.J. Prinsloo. Teen die einde van die 1860-er jare het Pretorius vir hom 'n huis in Pretoria laat bou en volgens die beskikbare gegewens is die huis blykbaar op die noordelike gedeelte van erf nommer 351 gebou. Dit is nie seker hoe lank Pretorius die huis bewoon het, en of hy dit oorweeg het om hom weer permanent in Pretoria te vestig nie. [Daar is ook 'n ander huis vir die president gebou waar die Paleis van Justisie vandag is. Die huis het later die

pastorie geword.] Met die wending in staatsake en sy gevolglike bedanking as President, het Pretorius in 1873 die noordelike gedeelte van die erf, tesame met die huis, aan William Skinner verkoop vir 'n bedrag van £ 675 [REX-03 p256].

**In 1899 [LON-01 p31 – p32] was die volgende besighede daar gevestig.**

Met vooraansig op Kerkplein:

African Board of Executors and Trust Co.  
Paul Nel, gen agent  
Niemeyer & Marais, Auctioneers  
J.H.E. Bal, gen agent  
Wellington Bar

Met vooraansig op Kerkstraat:

Wellington Bar  
Central News Agency  
H.A. Adelaar, barber  
Horse Shoe Bar  
Peacock & Co., Chemists  
Herman Bole, German Bazaar  
Wiener Cafe  
Poynton Bros, ironmongers  
Wie die eienaars van die grond was is nie bekend nie.

**In 1913 het die persele straatnommers gehad [LOC-01 p246]. Die persone wat daar besigheid gedoen het was die volgende:**

Met vooraansig op Kerkplein:

Law Chambers – met verskillende huurders  
Africander News Agency – met verskeie huurders  
The Cabin Tea Rooms, Misses Clarke and Doyle  
Reserve Invest. Bldgs.: Café Riche, W. Harcourt (Prop.)

Met vooraansig op Kerkstraat:

187 Café Riche, Box 912 (Harcourt, R.W., Prop.)  
183 Adelaar Bros., Hairdressers  
181 Peacock and Co., J., Chemists. Dr. Shapiro, Dr. van Wyk, A. Caplan (Proprietor)  
179 Roumeliotes, John, Fruiterer (Capital Tea Rooms)  
177 Brown's Stores  
175 Embroidery House  
175 Becker & Co., Tailors  
171-173 Poynton Bros., Hardware Merchants

**1913**

Hier kry ons nou vir die eerste keer die name van die eienaars van Erf 365 [VAL-01 p16]. Die syfers in hakies is die waarde van die grond en die waarde van die geboue in Pond.

Reserve Invest. Co., Ltd. [15 000 : 22 000]

J.C. Poynton. [8 000 : 4 650]  
Law Chambers [7 000 : 5 500]

**In 1922-1944** [VAL-02 p18] was die waarde van die grond en geboue as volg:

Reserve Invest. Co., Ltd. [14 000 : 22 000]  
J.C. Poynton [8 000 : 5 950]  
Law Chambers [9 700 : 7 500]

**In 1947-1950** [VAL-03 p8] was die waarde van die grond en geboue as volg:

Dealesville Est. (Pty.), Ltd. [45 500 : 22 210]  
J.C. Poynton [18 100 : 7 720]  
Law Chambers [27 200 : 6 620]

Wat is 'n brief nou sonder 'n foto. Ek het op die oomblik 10 foto's van daardie hoek en dit was vreeslik moeilik om te besluit watter foto's om te gebruik. Ongelukkig moes ek die foto's baie klein maak en dus is die kwaliteit nie baie goed nie.



**Noord-westelike hoek van Kerkplein en Kerkstraat ca. 1888** [Dun-01 p163]


Wie het kon dink dat Pretoria eers so gelyk het? Amper soos 'n foto uit die Wilde Weste van Amerika.

Links op die suid-westelike hoek van Kerkplein en Kerkstraat is die Post Office Bar. Volgens Barnes se 1888 Directory was die eienaar E.H. Clarke. Dit is dieselfde gebou waar Lohner se winkel ongeveer 1881 was. Hier is nou 'n stoep aangebou en die deur het na die hoek van die gebou geskuif, wat blykbaar voordelig was vir 'n kroeg.

Langs die Post Office Bar het die haarkapper Adelaar sy besigheid gehad. [Op 'n ander foto kan die gestreepte paal van die haarsalon gesien word.] Dan volg 'n gebou met 'n trapgewel. Dit is nog 'n kroeg, die Horse Shoe Bar,

bestuur deur Anton Heisterhagen. Net anderkant die kroeg is die wamakersbesigheid van Smith en Petrie. Hulle was op hierdie perseel tot na 1893 en skuif later na Pretoriusstraat. In 1898 het die Poynton Broers hier besigheid gedoen [Dun-01 p163].

Oorkant Kerkstraat steek 'n gedeelte van die "nuwe" Poskantoor uit wat in 1887 gebou is op die hoek waar die Austin-gebou eers gestaan het.



**Noord-westelike hoek van Kerkplein en Kerkstraat ca. 1889** [All-01 p29]

Nog 'n foto van die Post Office Bar op die suid-westelike hoek van Kerkplein en Kerkstraat. As mens kyk na die bourommel op die sypaadjie lyk dit asof daar aan die gebou gewerk word. Hier het die westelike gedeelte van die gebou in Kerkstraat nog nie 'n stoep nie.

Links op die foto is die afslaaersbesigheid van J.D. Celliers. Op die stoep is ook 'n advertensiebord vir die Booking Office: Johannesburg Saloon Coaches. Daily 3 and 12 noon.

Smith en Petrie se wamakersbesigheid floreer nog steeds. Kyk net na die groot aantal waens en ander rytuie in die straat voor hul werkswinkel.

By die groot advertensiebord skuins oorkant die straat is die plekbesprekingskantoor van George Heys. Hier adverteer hy sy Kimberley en Barberton koetsdiens. Die vinnige rit na Kimberley het drie dae geduur en kos 11 pond. Die rit na Barberton het ook drie dae geduur teen dieselfde prys [Dun-01 p162].



### Ongeveer 1907 [EPS]

Hier lyk dit nou al meer na die Pretoria wat ons vandag ken. Op die hoek is nou die Café Riche. Op die advertensiebord adverteer hulle IHOMA [?] LAGER BEER. Die gebou regs daarvan is die African News Agency en op die volgende die bord van The Cecil. Ongelukkig kan mens nie sien waarvoor dit staan nie. Op die stoep van die donker gebou regs daarvan [met die ry vensters] is Poynton se naambord.

Die nuwe poskantoor wat vandag nog daar staan is nog nie gebou nie.

### Bronne Geraadpleeg

- |        |  |
|--------|--|
| ALL-01 | Allen, Vivien. <b>Kruger's Pretoria</b> . 1971. Kaapstad: A.A. Balkema.  |
| DUN-01 | Dunston, Lola. <b>Young Pretoria 1889-1913</b> . 1975. Pretoria: Lola Dunston.   |
| LOC-01 | <b>Loghhead's Guide Handbook and Directory of Pretoria</b> . 1913. Transvaal Reliable Agency.                            |
| LON-01 | Longland. <b>Longland's Pretoria Directory</b> . 1899.   |
| REX-03 | Rex, H.M. <b>Die geskiedenis van die eerste ou goewermentsgebou en sy voorgangers</b> . Universiteit van Pretoria. 1956. |
| EPS    | <b>In and around Pretoria and the mines</b> . Johannesburg: Salon Epstein.   |
| VAL-01 | <b>Valuation Roll of Municipality of Pretoria</b> . 1913.  |
| VAL-02 | <b>Valuation Roll of Municipality of Pretoria</b> . 1922-1924.   |
| VAL-03 | <b>Valuation Roll of Municipality of Pretoria</b> . 1947-1950.   |

---

Goeie Nuus!!!! Daar is 'n herdruk van Vivien Allen se boek **Kruger's Pretoria**. Die boek word hierdie maand vrygestel. Ek sal laat weet as ek meer inligting het.

Groete, Rosa Swanepoel